WOW! KYK WAT HET EK ONTVANG!

Teks: 2 Timoteus 1:1-7,13-14; 3:10-17

BELYDENIS VAN GELOOF… Wat onthou jy nog van jou kategese, belydenis van geloof (aanneming en voorstelling) en wie die grootste indruk op jou lewe gemaak het? Wie het vir jou die venster vir ’n blik op God die beste oopgemaak en hoe?

SAAM GESELS… **Lees die tekste hierbo,** dink na en deel wat jy/julle daarin hoor.
Gesels saam oor die volgende vrae:

- **Geskenke:** Watter materiële geskenk was die grootste wat jy ontvang het en waaroor was jy die meeste opgewonde? Watter “geestesgoedere” was jou grootste gawes en van wie?

- **Timoteus: Kyk wat het jy ontvang!**
  Met watter drie “gawes” wil Paulus vir Timoteus bemoedig volgens die verse hieronder?

  - 2 Tim 1:3-5 .....
  - 2 Tim 1:6-7 .....
  - 2 Tim 3:14-17 .....

  “Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.”

- **Paulus: Wat en hoe het hy gegee?**
  Paulus noem Timoteus *“my geliefde seun”* en gee as “geestelike vader” uit sy hart en wysheid soveel skatte aan hom.
  - Lees die tekste hierbo met die fokus op Paulus en gesels oor die soort VERHOUDING wat hy met Timoteus gehad het en oor HOE hy hom bemoedig het. Hoe kan ons die soort rol vandag vervul, teenoor wie, ens.?

  - Gesels ook oor die rol van ’n ma (Eunice) en ouma (Loïs) in Timoteus se lewe! Hoe help “Geloof wat leef” (Vibrant faith) se 4 maniere om geloof oor te dra (Stiltetyd; liefdevolle gesprekke; rituele en gebruike; dade van diens) ons hiermee?

“Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding, in vervolging en ontbering...”

SAAM BID EN DIEN: Hoe kan ons jongmense wat belydenis van geloof aflê help volhard?

WOW! KYK WAT HET EK ONTVANG!

Teks: 2 Timoteus 1:1-7,13-14; 3:10-17

BELYDENIS VAN GELOOF… Wat onthou jy nog van jou kategese, belydenis van geloof (aanneming en voorstelling) en wie die grootste indruk op jou lewe gemaak het? Wie het vir jou die venster vir ’n blik op God die beste oopgemaak en hoe?

SAAM GESELS… **Lees die tekste hierbo,** dink na en deel wat jy/julle daarin hoor.
Gesels saam oor die volgende vrae:

- **Geskenke:** Watter materiële geskenk was die grootste wat jy ontvang het en waaroor was jy die meeste opgewonde? Watter “geestesgoedere” was jou grootste gawes en van wie?

- **Timoteus: Kyk wat het jy ontvang!**
  Met watter drie “gawes” wil Paulus vir Timoteus bemoedig volgens die verse hieronder?

  - 2 Tim 1:3-5 .....
  - 2 Tim 1:6-7 .....
  - 2 Tim 3:14-17 .....

  “Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.”

- **Paulus: Wat en hoe het hy gegee?**
  Paulus noem Timoteus *“my geliefde seun”* en gee as “geestelike vader” uit sy hart en wysheid soveel skatte aan hom.
  - Lees die tekste hierbo met die fokus op Paulus en gesels oor die soort VERHOUDING wat hy met Timoteus gehad het en oor HOE hy hom bemoedig het. Hoe kan ons die soort rol vandag vervul, teenoor wie, ens.?

  - Gesels ook oor die rol van ’n ma (Eunice) en ouma (Loïs) in Timoteus se lewe! Hoe help “Geloof wat leef” (Vibrant faith) se 4 maniere om geloof oor te dra (Stiltetyd; liefdevolle gesprekke; rituele en gebruike; dade van diens) ons hiermee?

“Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding, in vervolging en ontbering...”

SAAM BID EN DIEN: Hoe kan ons jongmense wat belydenis van geloof aflê help volhard?